

## Die orrels van liefde moet gehoor word

In Maart het die hof uitspraak ten gunste van die 2015 besluit van die NG Kerk gelewer. Die kerk het die saak met koste verloor en Regter Joseph Raulinga het namens 'n volbank regters uitspraak gelewer dat die NG Kerk nie by sy eie reëls gehou het toe hy die 2015-sinode besluit in 2016 herroep het nie. Die uitspraak bied NG gemeentes weer die moontlikheid om self te besluit of hulle gay verhoudings wil erken, gay predikante wil aanstel en gay paartjies wil trou.

Deur sommige mense word hierdie uitspraak verwelkom, maar andere is weer minder gelukkig daaroor. Daar is rofweg een van twee redes vir die ongelukkigheid: óf mense is teen die 2015 standpunt as sodanig gekant, óf hulle is daarteen dat howe inmeng by kerklike sake. Sommige mense kombineer natuurlik hierdie en nog ander redes wat tot een groot afkeurende frons versmelt. Dit is inderdaad 'n komplekse teologiese aangeleentheid. Daar is soveel sake op sinodale agendas waarvoor kerke self intern (meestal) goeie besluite neem. Soms is daar egter komplekse sake waar die veles by sinodes meen dat hulle 'n goeie perspektief op 'n saak het, maar hulle daar soms net té naby, so 'n aks te na aan die lig. Daarom is dit goed dat die kerk gereeld nie net na klanke wat uit sy eie ruimtes opklink luister nie, maar dat sy haar ore spits en ook breër luister, opsoek na meerdere insette wat kan help met onderskeiding in veranderende tye.

Neem in hierdie verband byvoorbeeld die klank van kerkorrels ter illustrasie, want ek vermoed ons kan terugkyk na ons geskiedenis met kerkorrels en iets daaruit vir ons huidige situasie leer. Baie Afrikaanse mense wat die 1980's en 90's in Suid-Afrika beleef het, is in daardie jare aan twee kerkorrels blootgestel. Die een soort kerkorrel was die musiekinstrumente wat destyds nog in die meeste kerkrumtes binne die gereformeerde tradisie te vinde was. Die ander kerkorrel was Johannes Kerkerrel en Die Gereformeerde Blues Band. Terwyl die kerklike kerkorrels lidmate in stampvol kerkgeboue begelei het met liedere soos "Wat 'n vriend het ons in Jesus", het Johannes Kerkerrel gehore saam met hom "Wat 'n vriend het ons in PW/ Vlok en Heunis en Malan" laat dreunsing. Gegewe die konteks was beide klanke belangrik en dalk was Ralph Rabie se musiek gegewe die tydsgleuf meer gereformeerde as wat hy ooit sou kon vermoed.

Die geskiedenis het ons geleer om nie oorhaastig te wees om die een kerkorrel as gereformeerde te beskou, en daarom 'n klank waarna geluister moet word, en die ander kerkorrel afskiet as ongereformeerde en dus sonder 'n boodskap vir die NG Kerk nie. Dalk was meer kerkorrels in ons geskiedenis inderdaad gereformeerde as wat vermoed word. Wat bedoel ek? Wel, kerkorrels hoort by die erediens, en teoloë soos Dirkie Smit en Elsie McKee wys daarop dat 'n werklik gereformeerde erediens nie in die eerste instansie 'n gebeurtenis is waar die wet of votum of geloofsbelofte noodwendig voorkom nie, maar dat dit veel eerder 'n gebeurtenis is waartydens die boodskap van die Bybel noukeurig en met onderskeiding in 'n baie spesifieke konteks tot uitdrukking kom. In 'n gereformeerde erediens is daar dus 'n voortgaande gesprek tussen die veranderende leefwêreld, en die boodskap van die Bybel. Verder is die verhouding tussen die gebod rakende die liefde vir God en die liefde vir die naaste in 'n gereformeerde erediens ook van groot belang. Hierin geniet die liefde vir God voorrang, maar dit word deur die naasteliefde getoets, aldus McKee in navolging van Johannes Calvyn.

Indien die klem op liefde vir God én liefde vir die naaste ernstig geneem word, dan het Johannes Kerkerrel as gereformeerde kerkorrel se klanke goed gedoen met betrekking tot 'n doelbewuste klem op naasteliefde én kontekstuele betrokkenheid. Verder is 'n ontleding van die lirieke in die Psalm- en Gesangebundel van 'n paar dekades gelede nie nodig om aan te toon dat daardie lirieke wat deur kerkorrels begelei is inderdaad op Bybelse tekste en teologie gebaseer was nie, maar of dit inderdaad destyds altyd gereformeerde was soos Smit daarna verwys, is natuurlik 'n heel ander vraag.

Hierdie analise kan lank aanhou, maar my vermoede is dat beide K(k)erkorrels se klanke belangrik was om na te luister in die apartheidsjare in die soeke na onderskeiding. Johannes Kerkerrel wou nie lirieke sing wat op die Bybel gebaseer was nie, en tog, tog was dit hy wat gesê het ons moet ons harte en sente en Rande vir Hillbrow gee; dit was hy wat ons aangemoedig het om ons televisies waarop 'n lang vinger in die lug vir ons voorgesê het, af te sit; dit was hy wat vir ons daarop gewys het dat ons in 'n donker donker land woon. Baie van Kerkerrel se lirieke was in lyn met die liefde vir die naaste, gerig op geregtigheid en eintlik 'n (Bybels) profetiese stem gerig op 'n baie spesifieke Suid-Afrikaanse konteks.

Ek glo nie howe het orrels nie, maar miskien is die onlangse uitspraak 'n klank waarna met die nodige waardering geluister kan word. Bykans soos die Psalmdigter wat God se openbaring in beide die Skrif én die natuur sien, kan daar orrelklanke binne én buite die kerk wees waarna geluister moet word.

Orrelmusiek uit die tagtigerjare jare het menige kerkganger diep ontroer, maar daardie kerkerrels was nie die enigstes om dit reg te kry nie. Johannes Kerkerrel se optredes beskryf Koos Kombuis in godsdienstige taal: "Nadat jy 'n Kerkerrel-show gesien het, wil jy opstaan en getel word. Jy voel die gety van hoop nader stu, jy kan jouself verbeel as deel van die nuwe Suid-Afrika wat besig is om gebore te word, onafwendbaar." Vir 'n kerk om apartheid te groet, was inderdaad 'n bekeringsomblik, so was oortuigings rakende besnydenis, die eet van varkvlies, slawerny en die vrou in die amp waarvan daar afgesien is, insgelyks bekeringsomblikke. Tydens menige van hierdie bekeringsomblikke was dit nie alleen die klanke van kerkerrels binne erediensruimtes wat die bekerings gedien het nie, daar was telkens meerdere Kerkerrels wat 'n betekenisvolle bydrae gelewer het. Om weer vir Kombuis oor Johannes Kerkerrel aan te haal: "hy verkondig die waarheid hard en duidelik, hy verkondig die evangelie waarna die jeug smagtend op soek was tot nou toe."

Dit is drie dekades later, steeds smag mense na die waarheid en soek hulle leiding, alhoewel dit nuwe waarhede is vir nuwe tye. En die klanke wat help om onderskeidend met die waarheid om te gaan, kom van binne die kerk se ruimtes, maar nie alleen van daar nie. Howe se uitsprake het vir seker nie die laaste sê in kerke en in die teologie nie, maar dit is dalk gerade om daardie klanke nie al te maklik as van geen belang vir die gereformeerde teologie af te maak nie.

In die gees van die belangrike gay-debat, en met waardering vir ál die 'kerkerrels' in ons land, mag die orrels komende Sondag lidmate begelei sodat almal hulle selfoon se liggies sal aanskakel, hulle arms in die lug steek, en wiegend saam kan sing:

En gee, gee, gee. Gee, gee, gee

Jou sente jou drome, jou toekoms vol gate

Gee jou hart vir Hillbrow

Ja, gee jou hart vir Hillbrow

Komaan, gee jou hart vir Hillbrow

Wepener is skrywer en akademikus